Berg-en-Dal

# WEEK VAN GEBED (iii)

## Dinsdagaand, 23 Januarie 2024



*Felix Stahlberg (2018) / Carl Bloch (1877)*

*"Wanneer jy bid, gaan na jou binneste kamer, maak die deur toe en bid tot jou Vader wat in die verborgenheid is, en jou Vader wat in die verborgenheid sien, sal jou beloon. ... Julle hemelse Vader weet tog wat julle alles nodig het. Soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word."*
**(Matteus 6:6 & 32-33)**

**LITURGIE**

| | |
|---|---|
| **Wydingslied:** | "Hoor ons bid, o Heer" (Lied 278 – twee keer) |
| **Votum & Seëngroet** | |
| **Loflied:** | "Daar is geen land" (Psalm 8:1, 3, 4 & 7 – Totius-beryming) |
| **Gebed** | |
| **Herinnering (aan Matteus 6:6)** | |
| **Skriflesing en oordenking:** | Matteus 6:22-23 en 31-33 |
| **Gesprek:** | ***"Bid tot jou verborge Vader, ... oor ons land in nood"*** |
| **Gebedsgeleentheid & lied:** | "Soek allereers die koninkryk van God" (Lied 471) |
| **Slotlied:** | "Terwyl ons bid vir elke volk" (Lied 282:1, 2, 4 en 6) |
| **Seënbede & Amen** | |

**Gespreksvrae aan/met dr Ina Gouws en mnr Werner Pretorius:**

1) **Wat sien jul as die belangrikste brandpunte, ontwikkelinge en/of uitdagings in ons land in 2024?**

   ..............................................................................................................................

   ..............................................................................................................................

2) **Meer spesifiek in die Vrystaat?**

   ..............................................................................................................................

   ..............................................................................................................................

3) **En dan hier in Bloemfontein?**

   ..............................................................................................................................

   ..............................................................................................................................

4) **Wat sou ons kon doen – meer as net praat – of hoe sou ons 'n verskil kon maak sodat dit (dalk) beter mag gaan?**

   ..............................................................................................................................

   ..............................................................................................................................

5) **Waarvoor sou ons vanaand vir ons land, die Vrystaat en ons stad kon bid?**

   ..............................................................................................................................

   ..............................................................................................................................

**Hemelse Vader,**
**Christus ons Verlosser,**
**O Gees van God:**

Ons bid vanaand vir vrede, ... gedagtig aan onrus op soveel plekke in ons land.
Ons bid vir veiligheid vanaand, ... gedagtig aan mense wat aangeval word, groot én klein!
Ons bid vir uitkoms, ... gedagtig aan die armoede en ellende van derduisende landgenote.
Ons bid vir 'n ekonomie wat weer mag groei, ... gedagtig aan jongmense wat werk soek.
Ons bid dat geregtigheid mag geskied, ... gedagtig aan soveel mense teen wie
gediskrimineer is en word – openlik of in die stilte.
Ons bid vir leiers met visie, ... gedagtig aan 'n komende verkiesing,
en omdat ons geloofwaardige, kundige en onselfsugtige leiers nodig het.
Ons bid vir die verkondiging van u Woord en ons getuienis, ...
gedagtig aan die roeping wat U op ons gelê het, om sout en om lig te wees.
En ons bid vir ...
*... (stilte vir 'n eie gebed verder) ...*

Want aan U behoort die koninkryk, mag en heerlikheid. Amen.